# KAROO HOOGLAND

# MUNISIPALITEIT/MUNICIPALITY

**KENNISGEWING: 10/04/2025**

## KONSEP GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN (GOP) EN BEGROTING VIR DIE 2025-2026 FINANSIËLE JAAR

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge Artikel 25(4)(a) van die Wet op Munisipale Stelsels (Wet 32 van 2000) dat die **Konsep Geïntegreerde Ontwikkelingsplan** (GOP) en **Konsep Begroting** ingevolge die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2003) vir die tydperk 1 Julie 2025 – 30 Junie 2026 op 31 Maart 2025 deur die Raad oorweeg is. Kopië van gemelde Geïntergreerde Ontwikkelingsplan (GOP) en Konsep Begroting lê ter insae gedurende kantoor ure wat strek vanaf 07:30 tot 13:00 en 13:45 tot 16:45 Maandae tot Donderdae en Vrydae 07:30 tot 13:00 en is beskikbaar by die volgende:

| WYK | PLEK | KONTAK PERSOON |
|---|---|---|
| WYK 1, 3 en 5<br>Williston | Williston Munisipale Kantoor | Christelle Viljoen |
| WYK 2,3 en 5:<br>Fraserburg | Fraserburg Munisipale Kantoor | Alicia Messias |
| WYK 4 en 6:<br>Sutherland | Sutherland Munisipale Kantoor | Allistar Gibbons |

Ingevolge Artikel 21(4) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000) word kennis gegee dat persone wat nie kan skryf nie die persoon of persone soos in die advertensie gemeld by die kantore van die Raad te Fraserburg, Williston en Sutherland kan nader vir hulpverlening om u kommentaar op skrif te stel.

Kommentaar of navrae indien enige met betrekking tot die Konsep Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) en Konsep Begroting vir die tydperk 1 Julie 2025 tot 30 Junie 2026 moet skriftelik en volledig gemotiveer en ingedien word.

**Munisipale Bestuurder**
**Mnr JJ Jonkers**